

Gereformeerde Kerk Bellville – 29 Mei 2016 – Oggend – Nagmaal

Sing vooraf staande: Skrifberyming 17-1:1, 6 (17:1, 6)

- 1 Wees nie besorgd nie oor jul lewe, / oor wat die harte neerwaarts trek:
“Wat sal ons eet, waar vind ons laafnis? / Wie skaf die kleed wat ons moet dek?”
Is lewe en liggaam dan nie meer nie / as alles wat net kommer wek?
- 6 Soek eers die koninkryk der heemle / en Gods geregtigheid; dan laat
Hy seën druppel uit die hemel – / vir elke dag die dag se maat.
Want elke dag dra self die sorge / vir elke dag se nuwe kwaad.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 105:2, 3 (p. 514)

- 2 Laat almal juig met blye galme; / sing voor die HEER jul vreugdepsalme;
beroem jul in sy heil'ge Naam, / Laat almal wat Hom soek, nou saam
hul hart verenig tot sy eer / en hul verlustig in die HEER.
- 3 Vra na die HEER der leërmagte, / die HEER oneindig groot in kragte;
soek daeliks sy aangesig; / gedenk die werk deur Hom verrig,
die wonders deur sy hand gedaan, / en wil sy strawwe gadeslaan.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 86:7, 8 (p. 433)

- 7 'k Is behoeftig en ellendig, / maar u guns, oor my onendig,
het my siel – omlaag gedruk – / uit die dieptes uitgeruk.
O my God, 'n hele skare / trotsaards en geweldenare
soek my siel en span die boog – / daar 's geen Godsvrees voor hul oog.
- 8 Maar barmhartig en lankmoedig, / groot van goedheid en oorvloedig
in genade, en altoos trou / is die HEER wat my behou.
Wend U tot my in ontferming, / red my, toon my u beskerming!
Hoor my, HEER, 'n seun is dit / van u diensmaagd wat hier bid.

Gebed

Skrifberyming 17-2:1, 3, 4 (18:1, 3, 4)

- 1 Ek loof U, Vader, groot van mag, / dat U die dinge, diep en swaar,
vir wêreldwyse onbekend, / aan kindertjies wou openbaar.
- 3 Wie kan die Seun ooit ken, as net / die Vader, met Hom wesens-eeen?
of wie die eewge Vader ken, / as net die Seun, net Hy alleen?
- 4 Wie kan die eewge Wese ken, / so diep en ontoeganklik klaar?...
Alleen die mens aan wie die Seun, / die heilgeheim wil openbaar.

Skriflesing: Amos 5:1-27

Kernverse: Amos 5:4

Want so sê die HERE aan die huis van Israel: Soek My, dan sal julle lewe!
(Amos 5:4 AFR53)

Tema: Soek jou lewe in Christus!

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, verlede Sondag het ons gehoor dat Amos die oordele van die Here oor Israel aankondig het in 'n tyd toe dit eintlik baie goed gegaan het met Israel. Polities was dit stabiel, want Jerobeam het vir veertig jaar lank regeer. Internasionaal was dit veilig, want daar was geen buitelandse volk wat Israel se grense bedreig het nie. Finansiële het Israel in hierdie tyd groot welvaart beleef al was dit net die koning en al die rykes in die land. Godsdienstig het dit volgens die Israëliete ook goed gegaan. Hulle het die drie aanbiddingsplekke wat in vers 5 genoem word, druk besoek.

In hoofstuk 3 en 4 is die eerste twee van 'n reeks van vyf oordeelsaankondigings opgeteken. Albei daardie aankondigings begin met die woorde: **Hoor hierdie woord.** Amos 5 bevat die derde en vierde van hierdie vyf oordeelsaankondigings. Maar nou is dit nie meer net 'n aankondiging nie. Die Here sê self:

Hoor hierdie woord wat Ek oor julle as klaaglied aanhef, o huis van Israel!
(Amos 5:1 AFR53).

Die oordeelsaankondiging het nou al 'n klaaglied geword. Amos moes Israel die begrafnislied laat hoor wat die Here geskryf het.

Vir die volk moes dit beslis 'n skok gewees het om te hoor hoe Amos 'n begrafnislied oor hulle sing:

Die jonkvrou van Israel het geval, sy sal nie weer opstaan nie; neergewerp lê sy op haar land, niemand rig haar op nie. (Amos 5:2 AFR53)

Dit is so seker dat die Here vir Israel met sy oordeel gaan tugtig dat die Here al die begrafnislied geskryf het. Van almal wat van Israel uitgetrek het om haar te verdedig teen die aanslag van die volk wat die Here gestuur het om Israel te tugtig, het net tien persent oorgebly. Die jonkvrou Israel is neergewerp en niemand help haar op nie. Waar daar eens vreugde was, is daar nou hartseer. Waar daar vroeër gelag is, vloeï die tranes nou.

Maar Israel is dikvellig. Die woord van die Here deur Amos aan die volk word afgemaak as bangmaakstories. Hier is ons dan almal, sê Israel, springlewendig. Ons dien die Here, al is dit soms so 'n bietjie oppervlakkig, maar ons dien darem die Here. En kyk net hoe seën God ons. Ekonomies en polities gaan dit voorspoedig met Israel. Die Here is dan mos aan ons kant; Hy is met ons.

Broers, susters en kinders, wanneer die Here sy oordele oor sy volk aankondig en dan ook nog sover gaan om 'n begrafnislied oor die volk te laat sing, is dit nie om hulle bang te maak nie. Die Here hou nie allerhande bangmaakstories oor die hel en die ewige dood aan ons voor om ons sodoende na Hom toe te laat terugdraai nie. Ons moenie die Here net wil dien omdat ons bang is vir die hel nie. Wanneer die Here die begrafnislied laat sing, wil Hy die skille van Israel se oë afruk sodat hulle kan sien en besef: As ons aanhou om hardkoppig te wees en te maak soos ons wil, loop ons reguit op die afgrond af. Ons loop ons sterfbed tegemoet as ons die Here bly ignoreer of Hom probeer paai met 'n oppervlakkige en skyngodsdiens.

Maar hoekom kondig die Here sy onverbiddelike oordele dan oor Israel aan? kan iemand vra. Die antwoord op hierdie vraag is ook die verrassing in Amos se prediking.

Want so sê die HERE aan die huis van Israel: Soek My, dan sal julle lewe!
(Amos 5:4 AFR53).

Die mens is altyd aan die soek. Hy soek wysheid, want hy wil alles rondom hom verstaan en verklaar. Hy soek vrede en geluk, want om hartseer en bedruk te wees is nie natuurlik nie en ook nie lekker nie. Hy soek sekuriteit in besittings, want hy wil nie swaarkry op sy oudag nie. Of hy soek sekuriteit in mag, want hy wil nie vertrap word nie. Die mens soek vandag selfs 'n langdurige lewe, want hy wil nie sterf nie.

Israel het ook gesoek. Hulle het ook sekuriteit gesoek, daarom het hulle die Siriërs met oorlog verdryf sodat hulle grense vry van die vyand kon wees. Hulle het goeie oeste gesoek, daarom het hulle aan tempelprostitusie deelgeneem, want so het hulle gemeen word die vrugbaarheid van die land verseker. Maar waarna hulle eintlik moes soek, het hulle nie. Hulle het nie na die Here en sy wil gesoek nie. Dit was lekker om die gawes wat die Here hulle gee te gebruik, maar die Here van die gawes het hulle maklik geïgnoreer.

**Maar soek Bet-el nie, en kom nie na Gilgal nie en trek nie deur na Berséba nie ...
Soek die HERE, dan sal julle lewe** (Amos 5:5, 6 AFR53), sê die Here.

Ek is die God wat met julle vaders Abraham, Isak en Jakob 'n verbond gesluit het. Ek is julle God en Ek regeer oor alles. Dit is Ek wat sorg dat julle veilig woon in julle land. Dit is Ek wat aan julle die gawes van groot oeste gee. Ek sorg dat die een seisoen na die ander kom, die een dag op die ander volg. En My Naam is HERE. Daarom kan en mag jy My nie ignoreer nie.

En ondanks jou ontrouheid, ondanks die feit dat jy nie jou deel in die verbond nagekom het nie, Israel, roep Ek tot jou: Soek My terwyl Ek nog te vinde is. Ek reik weer 'n hand van genade na julle uit. Soek My, dan sal julle lewe. Julle sal lewe en nie net 'n doodsbestaan voer wat op julle sterfbed sal uitloop nie. Soek My, want Ek is julle lewe.

Wat beteken dit om die Here te soek? Dit beteken dat ons die Here leer ken soos wat Hy Homself aan ons openbaar. Ons moet Hom leer ken as die Verlosser. En ons moet Hom leer ken wanneer Hy Homself in sy Tien Gebooie aan ons openbaar. Om die Here te soek beteken dat 'n mens ook na die wil van die Here vra. In alles wat ons beplan en doen, moet ons toets of dit die wil van die Here is. Maar partymaal doen ons 'n ding oorhaastig sonder om te vra of dit die wil van God is. Daarom is dit nodig om selfbeheersd te wees, die Skrif te bestudeer en met gelowiges te gesels om saam te soek na die wil van die Here. En bid tot God sodat Hy sy wil deur sy Gees aan jou bekend sal maak omdat die Heilige Gees die Skrif aan jou verstaanbaar maak.

Verder beteken *soek na die Here* om die Here altyd te dien. Trouens, as 'n mens na die wil van die Here vra en dit ook doen, is 'n mens besig om die Here te dien. Dan is 'n mens besig om die beeld van God te vertoon soos wat Hy Homself in sy Wet aan ons openbaar. Maar dit doen 'n mens nie net af en toe wanneer dit jou pas nie. 'n Gelowige behoort die Here altyd te dien, want die gelowige kan geen oomblik sonder God bestaan nie. Die Here het immers 'n verbond met die gelowige gesluit en gesê dat Hy sy God sal wees.

Om die Here te soek beteken ook om die Here self te soek en nie net sy gawes nie. Hy roep ons om Hom te soek. En as Hy ons roep, speel Hy nie wegkruipertjie met ons nie. Hy gee vir ons die middele om Hom op die regte plek te soek. Want as die Here nie aan ons die middele gegee het om Hom te soek nie, sou ons maar net al verder gedwaal het en nêrens uitgekóm het nie.

En die middele wat die Here ons gee is sy Woord, sy kerk, sy Gees en, bowenal, sy Seun. In sy Woord hoor ons die Here ons God se stem wat tot ons roep: Soek My. In sy kerk is die mense wat soek en vind. Hulle vind God omdat die Gees vir hulle die Woord verstaanbaar maak. En ons soek en vind begin en eindig by Jesus Christus omdat God sy Seun gestuur het om hulle wat verlore is te soek.

Al die skape van die Here wat rondgedwaal het omdat die sonde hulle ore doof gemaak het vir die roepstem van God, se ore het Jesus Christus kom oopmaak. Hulle wat blind was en in die duisternis gewandel het op pad na hulle sterfbed toe het Jesus na die lig toe gebring. Hy het hulle kom soek. Maar meer as dit, Hy het in sondaars se plek op hulle sterfbed gaan lê. Hy, die Goeie Herder, het sy lewe kom aflê vir die skape en Hy het sy lewe weer opgeneem sodat gelowiges hulle lewe by Hom kan vind – 'n lewe wat tot in ewigheid duur.

Geliefdes, die Here roep ons vandag weer: Soek My, dan sal julle lewe. Soek Hom met die lig van die Woord, soek Hom by sy kerk, want hulle is die mense wat soek en vind, soek Hom met die krag van sy Gees, soek Hom by sy Seun. Want as ons by God wil kom, is Jesus Christus die weg en die waarheid. Alleen deur Hom kom ons by die Vader.

Broers, susters en kinders, ons is vandag hier omdat ons soek. Ons kom na die tafel van die Here, want ons soek ons lewe buite onself in Christus Jesus. Mag ons almal deur die kragtige werking van God se Gees die lewe van die ware geloof in ons voel bruis wanneer ons deur die Gees die liggaam en bloed van Christus Jesus ons Here eet en drink tot sy gedagtenis.

Amen!

Gebed

Skrifberyming 17-2:5, 6 (18:5, 6)

- 5 Kom dan tot My, o almal wat / vermoeid is en so swaar belas,
Ek gee 'n rusplek vir die voet / waarvoor daar nêrens rusplek was;
- 6 verligting vir die skouer wat, / deur druk gemartel en gepla,
en onder lewensorge krom, / 'n altyd swaarder las moet dra.

Formulier vir die viering van die heilige nagmaal

Psalms 23:1, 3 (p. 107)

- 1 Net soos 'n herder uittrek met sy skape / en hul laat neerlê in die veld van milde groen,
met sagte hand hul lei langs stille waters – / so is die HEER, so het Hy ook aan my gedoen:
Hy laaf my siel en lei my swakke skrede / in vaste spoor van sy geregtighede.
- 3 U bring vir my die tafel in gereedheid, / my hoof druip olie en my beker vloei van wyn,
'n bron van goedheid stroom vir my gedurig; / dit is my gees 'n vreug, my vyande 'n pyn;
dit kroon my lewe met u welbehag; / en in u huis, daar bly ek al my dae.

Aan tafel: Psalm 91 (p. 460)

Met die terugbeweeg: Psalm 107 (p. 533)

Skrifberyming 17-2:7, 8 (18:7, 8)

- 7 Maar leer: dat Ek sagmoedig is, / en dat Ek needrig is van hart.
Dan sal jul rus vind vir jul siel / en vrede by die wreedste smart.

8 En dra my juk: die juk is sag, / wat nooit gedruk het of geknel;
en dra my las: die las is lig, / wat nooit gekneus het of gekwel.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
29 Mei 2016